

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak Nr. : 3799/2001

In die saak tussen:

JOHN ALEC DIRKSEN

Eiser

en

CAIRO FUNERAL UNDERTAKINGS CC

Verweerder

UITSPRAAK:

KRUGER R

AANGEHOOR OP:

2 + 3 AUGUSTUS 2005

GELEWER OP:

11 AUGUSTUS 2005

[1] Eiser eis R441 687,00 van verweerder. Hy steun op 'n
dokument wat soos volg lees:

"Mnr. A.J. Dirksen

23 Oktober 2000

Generaal van Schoorstraat 1
Dan Pienaar
BLOEMFONTEIN
9300
Meneer

Kapitaalleningbedrag: B.K. CAIRO BEGRAFNIS-

ONDERNEMERS

Hiermee word bevestig dat Mnr. Dirksen die ondergenoemde bedrae aan die korporasie geleen het.

1. R390 000,00 (Drie honderd en negentig duisend rand).
2. R20 000,00 (Waarde van meubels).
3. R11 687,00 (Lening).
4. R20 000,00 (Bydrae tot kontantvloei). [Bygevoeg met pen.]

TOTAAL: R441 687,00 [Met pen gewysig.]

Dankie.

Die uwe

B/K CAIRO BEGRAFNIISONDERNEMERS”

[2] In sy deklarasie sê eiser dat hierdie dokument waarna ek as “P5” verwys, ‘n erkenning van skuld is wat aan hom gegee is ter skikking en erkenning van sy bydraes aan verweerder. Hy sê die bedrae daarin vermeld is opeisbaar en betaalbaar.

[3] Verweerder sê die dokument is nie ‘n erkenning van skuld nie, en Van Wyk, wat dit namens verweerder onderteken het, was nie gemagtig om dit te onderteken nie.

[4] Eiser het getuig dat hy ongeveer gedurende Julie 1999 lid van die verweerder BK geword het. Daar was twee ander lede, Mnre. H.V.N. Matthyzer en Mnr. H. S. van Wyk. Hulle twee was ook Ashbury Financial Services BK (Ashbury) se enigste twee lede.

Ashbury het 'n mikro-leningsbedryf hanteer.

[5] Die verweerder (na wie ek as Cairo verwys) het nie op daardie stadium 'n bankrekening gehad nie, en gelde wat dit ontvang het is in Ashbury ingesit.

[6] Dirksen het verwys na 'n dokument gedateer 30 Julie 1999 wat voorgee 'n ooreenkoms tussen hom en Ashbury te wees, ingevolge waarvan hy 20% aandele in Cairo "uitkoop teen die bedrag van R226 999,00." Die dokument boekstaaf dat R90 000,00 per tjek betaal is aan Ashbury, plus meubels ter waarde van R20 000,00. Dus is R110 000,00 inbetaal, en R116 999,00 is uitstaande. Dirksen getuig dat hy 20% van die aandeelhouding in Cairo gekoop het vir R226 999,00. Dirksen het nie dokumente gehad om sy getuienis te staaf nie, en kon nie die spesifieke bedrae onthou wat hy betaal het nie. Verder is nooit verduidelik hoe iemand "aandeelhouding" in 'n BK van 'n ander BK kan aankoop nie.

[7] Eiser se saak is dat hy geld in Cairo belê het. Toe hy as lid bedank, gee Cairo hom as erkenning vir sy bydraes 'n

erkenning van skuld.

- [8] Dirksen verwys na die notule van 'n vergadering van Cairo gehou op 10 Januarie 2000. Paragraaf 6.3 daarvan lees soos volg:

g6.3 Ledebydrae: Mnr. A.J. Dirksen

- (i) 15/12/99 – R40 000,00 (Direk betaal aan Polyflora)
- (ii) 22/12/99 – R15 000,00 (Gebruik vir salarisse)
- (iii) Bonusse: R115 405,00
- (iv) 'n Lys ten opsigte van elke lid se bydrae moet opgestel word."

- [9] Dirksen getuig dat hy bedank het as lid van Cairo omdat hy mislei is. Dit het nie goed gegaan met Ashbury, en Van Wyk en Matthyzen, die twee lede daarvan, het 'n vete gehad. Die bank het die geld wat Ashbury geleen het opgeëis. Van Wyk en Matthyzen wou toe geld namens Cairo leen om Ashbury aan die gang te hou, en Dirksen was nie daarvoor te vinde nie.

- [10] Dirksen sê toe vir Van Wyk en Matthyzen hy kan nie in hulle vete betrokke wees nie. Voor hy loop wou hy 'n versekering

hê dat Cairo hom geld skuld. Toe is die dokument P5, wat reeds hierbo aangehaal is, opgestel. Dirksen sê die vergadering daarvoor is by die kantore van Cairo gehou. Van Wyk het die dokument opgestel. Dirksen sê dat die R20 000,00 bydrae tot kontantvloei nie op die dokument verskyn het nie. Van Wyk het dit ingevoeg, in sy eie handskrif, en die dokument toe onderteken.

[11] Dirksen het getuig dat Van Wyk die syfers uit notules van vorige vergaderings gekry het. Van Wyk op sy beurt het getuig dat hy die syfers by Matthyzen gekry het. Matthyzen was volgens Dirksen ook teenwoordig, volgens Dirksen sowel as Dirksen se prokureur, Mnr Cloete. Cloete het niks gedoen rondom of tydens die finalisering en ondertekening van P5 nie. Volgens Van Wyk was dit net hy en Dirksen wat teenwoordig was saam met Cloete. Matthyzen was nie daar nie.

[12] Dirksen wou 'n koper vir die besigheid van Cairo soek, maar Van Wyk het 'n stokkie daarvoor gestee. Later vra hy toe

vir Van Wyk wat hy gaan doen, waarop Van Wyk sê dat hy met sy broer in Johannesburg gepraat het wat hom R100 000,00 sou leen, wat hy aan Dirksen sou gee. Die basis vir hierdie getuienis was ratifikasie, soos beweer in eiser se replikasie. In betoog het Mnr. Williams, vir eiser, gesê hy steun nie op ratifikasie nie; hy hou egter vol dat die gesprek tussen Van Wyk en Dirksen wel plaasgevind het.

[13] Dirksen getuig dat Van Wyk wel gemagtig was om die dokument te onderteken want hy was bestuurder, tesourier en sekretaris van Cairo.

[14] In kruisondervraging word Dirksen gevra oor die verskille in skuldoorsaak tussen die deklarasie en die enkelvoudige dagvaarding. Die deklarasie steun op 'n skulderkenning terwyl die enkelvoudige dagvaarding beweer dat dit gediën is ter bevestiging van 'n mondelinge ooreenkoms. Dirksen sê hy het nie vir sy prokureur iets gesê van 'n mondelinge ooreenkoms nie. Ek meen nie dat enige besondere betekenis geheg moet word aan die feit dat die prokureur

beweer het dat die dokument opgestel is na aanleiding van 'n voorafgaande mondelinge ooreenkoms nie. Daardie aspek is nie veel verder gevoer in argument nie.

[15] Dit word aan Dirksen gestel dat P5 opgestel is na aanleiding van die versoek op die vergadering van 10 Januarie 2000. Hoewel hy dit aanvanklik erken, ontken hy dit onmiddelik daarna.

[16] Dirksen sê Van Wyk en Matthyzen het hulle geld in Ashbury belê, nie in Cairo nie.

[17] Dirksen bevestig dat hy in hierdie hofgeding as skuldeiser optree en nie as lid van Cairo nie.

[18] Dirksen word oor sy estoppel-bewerings gevra en spesifiek wat hy tot sy nadeel gedoen het as gevolg van die voorstelling dat Van Wyk 'n gemagtigde van Cairo was. Dirksen sê die nadeel is dat 'n behoorlik-gekwalfiseerde persoon nie P5 opgestel het nie. Vir doeleindes van

estoppel lyk dit vir my onvoldoende maar soos later in die uitspraak blyk het Mnr. Williams nie gesteun op die estoppel-bewering nie en ek meen ook nie dat enige saak op estoppel uitgemaak is nie.

[19] Dirksen bevestig dat ooreengekom is dat terugbetaling sou geskied “whenever they are able to pay me back”. Hy sê Cairo is vandag nog steeds aan die gang.

[20] Dirksen se getuienis rondom die datum van sy gesprek met Van Wyk oor die verkoop van Cairo en terugbetaling aan hom was onbevredigend. Eers sê hy dit was vroeg in 2000 in die eerste kwartaal. Dan word sy aandag daarop gevestig dat sy aftekening as lid van Cairo eers op 20 November 2000 geregistreer is; die registrateur se stempel is 7 November 2000. Dirksen word dan verwys na sy replikasie waarin gesê word dat ratifikasie in of ongeveer Januarie 2001 plaasgevind het. Daarop sê Dirksen dat die gesprek eers aan die einde van die jaar plaasgevind het. Dan sê Dirksen dat hy deurmekaar is. Later sê hy “Ek dink dit is die

middel van 2000”. Hy sê dis sy finale antwoord. Later sê hy weer dit was, “êrens in 2000”. Ek het toe aan hom uitgewys dat hierdie getuienis waardeloos is. Daarop val dit Dirksen opeens by dat dit oor die Kersnaweek was dat Van Wyk en Matthyzen besluit het dat die een Cairo gaan oorneem en die ander Ashbury. Mnr. Human, namens verweerder vra dat of hy positief vir die hof kan sweer dat dit Januarie 2001 was, waarop hy bevestigend antwoord: “positief”. Die feit dat mens datums kan vergeet is begryplik; dit is egter dik vir ‘n daalder om eensklaps, na totale verwarring, iets positief helder te onthou.

[21] Dirksen getuig dat Van Wyk geweier het om die besigheid te verkoop. Hy getuig: “Ek het gesê laat ons ons geld wat ons ingestort het, terugkry.”

[22] Hy bevestig dat toe hy die 20% ledebelang vir R226 999,00 gekoop het, was daar geen melding van ‘n lening of terugbetaling nie.

[23] Dirksen word verwys na sy prokureur, Mnr. Cloete, wat teenwoordig was toe P5 opgestel is, se brief gedateer 10 Mei 2001. Die brief lees as volg:

⁺g10 Mei 2001

MNRE CAIRO FUNERAL UNDERTAKING
RENBRANDTSINGEL
HEIDEDAL
9301

Waarde heer

INSAKE: J A DIRKSEN

Ons rig hierdie skrywe aan u in opdrag van ons kliënt Mnr. Dirksen.

Soos u bewus is het Mnr. Dirksen 'n bedrag van R430 000,00 aan u beskikbaar gestel en verneem ons nou graag 'n uiteensetting van hoe daardie fondse aangewens is.

Die uwe

ISRAEL & SACKSTEIN ING / INC

R B CLOETE"

[24] Dirksen bevestig dat hy Cloete opdrag gegee het dat om die brief te skryf en dat dit nie melding maak van die lening nie, ook nie van 'n skulderkenning nie.

[25] Dit word aan Dirksen gestel dat P5 opgestel is na aanleiding van sy versoek op 10 Januarie 2000 dat 'n lys van elke lid se ledebydraes gemaak moet word, wat hy ontken. Dirksen sê hoekom hy 'n lys gevra het was omdat hy 'n uiteensetting wou hê van wat Matthyzen en Van Wyk se bydrae tot Cairo was. Hy wou 'n lys hê wat boekstaaf wat Cairo vir elkeen van hulle drie skuld.

[26] In antwoord op die vraag dat hy onvoorwaardelik bedank het sê Dirksen:

⁺gJa, maar nie sonder voorwaardes nie, wag so 'n bietjie. Ek het gesê as hulle 'n lening kry, moet hulle my terugbetaal, dit was my onderneming met hulle. Toe sê hulle hulle gaan leen en op dié manier het ek toegestem dat hulle my, dat ek afdank en hulle sal my terugbetaal as hulle 'n lening kry.”

[27] Dirksen erken dat hy wou wegloop van Cairo af met alles wat hy ingesit het, want hy kon dit kry as hulle vir Cairo verkoop het.

- [28] Dit het eiser se saak voltooi.
- [29] Verweerder se aansoek om absolusie is afgewys.
- [30] Van Wyk was die enigste getuie namens verweerder.
- [31] Van Wyk getuig dat Dirksen 20% aandeel in Cairo gekoop het op 30 Julie 1999. Die notule van 18 Oktober 1999 bevestig dat hy 'n verdere $13\frac{1}{3}\%$ gekoop het, waarna hy dus 'n een-derde aandeel in Cairo gehad het.
- [32] Van Wyk getuig dat die meeste van die geld inbetaal is by Ashbury. Van Wyk moes by Matthyzen vasstel wat die bydrae was wat Dirksen gemaak het in Ashbury.
- [33] Met verwysing na P5 sê Van Wyk dat Dirksen beslis nie 'n skulderkenning van Cairo gevra het nie. Hy sou dit baie beslis nie gegee het as Dirksen vir hom gesê het P5 is 'n skulderkenning nie. Die verlening van 'n skulderkenning aan

Dirksen is nooit bespreek nie. Hierdie getuienis is nie in kruisondervraging aangeveg nie. Dus staan Van Wyk se getuienis dat hy nie 'n skulderkenning wou gee en dat Dirksen hom nie vir een gevra het nie, onaangeveg.

[34] Van Wyk sê hy weet nie hoeveel geld Dirksen inbetaal het nie, óf by Cairo óf by Ashbury.

[35] Wanneer hy daarop attent gemaak word dat hy die finansiële state van Cairo geteken het as “die lid”, sê hy dat die ouditeure geweet het daar is drie lede. Nogtans is dit vreemd dat Van Wyk 'n dokument teken waar daar direk bo sy handtekening staan “die lid”.

[36] Van Wyk getuig dat Dirksen geen rede vir sy bedanking gegee het nie. Hy ontken dat Ashbury in finansiële moeilikheid was. Ook hierdie getuienis is hoogs verdag. Dirksen se getuienis dat Ashbury in finansiële moeilikheid was is nooit aangeveg nie. Van Wyk sê Dirksen het nie sy bydrae teruggevra nie.

- [37] Wat magtiging betref, sê Van Wyk hy het waarskynlik magtiging gehad om P5 namens Cairo te teken; hy ontken egter dat dit 'n skulderkenning was en sê hy het nie magtiging gehad om 'n skulderkenning te onderteken nie.
- [38] Hy sê die ondertekening van P5 het nie by Cairo se kantore plaasgevind nie. Ook hierdie teenstrydigheid met Dirksen se getuienis is nooit aan Dirksen gestel nie. Van Wyk se getuienis dat Matthyzen nie teenwoordig was nie, is ook nooit gestel nie.
- [39] Die heel swakste deel van Van Wyk se getuienis wentel rondom die opstel van P5. Dirksen se getuienis was dat Van Wyk dit opgestel het, en daardie getuienis is nooit ontken nie. In hoof getuig Van Wyk dat hy P5 opgestel het nadat hy die bedrae by Matthyzen verneem het. Van Wyk se eedsverklaring ter bevestiging van summiere vonnis word dan aan hom gestel. Daarin sê Van Wyk:

“6.

Gemelde dokument is deur die applikant, ‘n ervare sakeman, opgestel en op sy versoek deur my in my onkunde onderteken. Dit weerspieel egter nie die feitlike posisie korrek nie, aangesien dit foutiewelik aandui dat die applikant R441 687,00 aan die respondent geleen het.”

- [40] Hierop reageer Van Wyk dat hulle P5 saam opgestel het. Hy erken dat Dirksen niks te doen gehad het met die finansiële aspekte en boekhouding van Cairo nie; nadat Cairo se aanvanklike pleit, waarin beweer word dat Dirksen hom mislei het oor die bedrae aan hom gestel is. Dit het die getuienis afgesluit.
- [41] Beide getuies was swak. Boekhouding was onvoldoende en hulle gebrekkige regs kennis maak dit moeilik om hulle handeling aan regsgevolge te koppel. Hulle optrede is vergelykbaar met dié van middeleeuse matrose op ‘n elektroniese aandelebeurs. Ek meen dat nie veel waarde aan hulle getuienis geheg kan word nie. Nietemin moet gekyk word na die getuienis, ten einde te kan bepaal of eiser

sy saak bewys het.

- [42] In betoog, sê Mnr. Williams dat die eiser uitsluitlik steun op P5, synde 'n geldige en afdwingbare skulderkenning. Hoewel P5 nie 'n onderneming om te betaal bevat nie, sê Mnr. Williams dat so 'n onderneming afgelei kan word, met verwysing na **CHEMFOS LTD v PLAASFOSFAAT (PTY) LTD** 1985 (3) SA 106 (A) op 115 G – H:

⁴g...the intention to assume liability for payment, and therefore the undertaking to pay, may be inferred from the wording and form of the acknowledgement, the conduct of the parties and all the relevant attendant circumstances.”

- [43] Mnr. Human stem saam dat die onderneming om te betaal iets is wat, afhangende van die feite van 'n saak, afleibaar is. Maar hy sê hierdie dokument erken nie *verskuldigdheid* op datum van ondertekening nie. In die **CHEMFOS**-saak is die erkenning van aanspreeklikheid nie ontken nie; wel die verskuldigdheid om te betaal (op 113 E – F).

- [44] Mnr. Human sê op sy normale grammatikale betekenis is P5 nie 'n skulderkenning nie. Dit is 'n brief, onder die opskrif “kapitaalleningbedrag”, en bevestig dat eiser die bedrae vermeld aan verweerder “geleen” het.
- [45] Die eiser se saak is dat die bedrae in P5 genoem verskuldig is, ook omdat 'n redelike tyd sedert ondertekening verloop het. Die eiser se saak moet wees dat die gebruik van die woord “geleen” in P5 'n terugbetaling impliseer. Die verweerder se saak is dat P5 eenvoudig bydraes boekstaaf.
- [46] Die benadering wat gevolg moet word by die uitleg van 'n dokument soos P5 word soos volg uiteengesit in **COOPERS & LYBRAND AND OTHERS v BRYANT** 1995(3) SA 761 (A) op 768 A – E:

“The correct approach to the application of the ‘golden rule’ of interpretation after having ascertained the literal meaning of the word or phrase in question is, broadly speaking, to have regard:

(1) to the context in which the word or phrase is used with its interrelation to the contract as a whole, including the nature and purpose of the contract, as stated by Rumpff CJ *supra*;

(2) to the background circumstances which explain the genesis and purpose of the contract, ie to matters probably present to the minds of the parties when they contracted. *Delmas Milling Co Ltd v Du Plessis* 1955 (3) SA 447 (A) at 454 G-H; *Van Rensburg en Andere v Taute en Andere* 1975 (1) SA 279 (A) at 305 C – E; *Swart's case supra* at 200E-201A and 202C; *Shoprite Checkers Ltd v Blue Route Property Managers (Pty) Ltd and Others* 1994 (2) SA 172 (C) at 180 I-J;

(3) to apply extrinsic evidence regarding the surrounding circumstances when the language of the document is on the face of it ambiguous, by considering previous negotiations and correspondence between the parties, subsequent conduct of the parties showing the sense in which they acted on the document, save direct evidence of their own intentions. *Delmas Milling case* at 455 A-C, *Van Rensburg's case* at 303 A-C, *Swart's case* at 201B, *Total South Africa (Pty) Ltd v Bekker NO* 1992 (1) SA 617 (A) at 624G, *Pritchard Properties (Pty) Ltd v Koulis* 1986 (2) SA 1 (A) at 10 C- D.”

[47] ‘n Frase in die dokument moet nie in isolasie geïnterpreteer word nie (767 H- I). Die gemeenskaplike doel van die partye moet bepaal word uit die woorde wat in die dokumente gebruik is.

[48] Kyk mens na die geheel van Dirksen se getuienis, was sy bedoeling om staving en erkenning te kry van die presiese bedrag wat hy in Cairo ingesit het. Die beste bevestiging vir hierdie siening is te vinde in Dirksen se prokureur se brief

van 10 Mei 2001, hierbo aangehaal, waar Mnr. Cloete, wat teenwoordig was toe P5 voltooi en onderteken is, sê dat eiser die uiteensetting van die bedrae verlang wat hy beskikbaar gestel het. Daar is geen melding van 'n lening of terugbetaling nie. Dit word 6 maande na die beweerde skulderkenning geskryf. Dit is eers nog 6 maande later, op 9 Oktober 2001, wat eiser se nuwe prokureur, Mnr. Frankim (by dieselfde firma as Mnr. Cloete) 'n eisbrief skryf vir gelde geleen en voorgeskiet. Dit is die eerste woord wat 'n mens in die korrespondensie sien van gelde wat na bewering geleen en voorgeskiet is. Dirksen se eie getuienis, op die keper beskou, staaf ook hierdie siening: hy wil weet hoeveel geld hy ingesit het. Daar was nie sprake van 'n lening nie.

- [49] Eiser se verdere probleme duik op by die onderneming om te betaal. Die dokument bevat geen onderneming om te betaal nie. Volgens die **CHEMFOS**-saak kan 'n bedoeling om terug te betaal afgelei word uit die omstandighede. Van Wyk se getuienis is direk en pertinent dat daar nie so 'n onderneming was nie. Selfs Dirksen se getuienis dui daarop

dat daar nie 'n onderneming was om te betaal nie. Uit Dirksen se getuienis blyk verder dat, as daar 'n onderneming was om te betaal, was dit gekoppel aan voorwaardes. Wat die meubels betref sê hy dat terugbetaling sou geskied : “whenever they are able to pay me back”. Dirksen getuig ook dat Van Wyk en Matthyzen se onderneming was dat hulle hom moet terugbetaal as hulle 'n lening kry (hierbo aangehaal). Daar was geen bewering of getuienis dat verweerder ooit 'n lening gekry het nie. Die voorwaarde waaraan dus volgens hierdie getuienis voldoen sou moet word voordat die geld aan Dirksen terugbetaal word, naamlik die verkryging van 'n lening, was dus nooit nagekom en dus moet eiser ook op hierdie basis misluk.

[50] Die eiser faal dus op die heel eerste been: die dokument, vanweë sy gewone betekenis bevat nie 'n erkenning van aanspreeklikheid nie. Uit die omstandighede en getuienis kan ook nie 'n bedoeling afgelei word om te betaal nie.

[51] Hierdie bevinding maak dit onnodig om oor die magtiging

van Van Wyk te beslis. Van Wyk sê hy het magtiging gehad om P5 te onderteken wat ook volgens sy direkte getuienis, nie 'n skulderkenning was nie. Dus het Van Wyk die magtiging gehad om 'n dokument te onderteken maar die dokument was nie 'n skulderkenning nie. Die getuienis wat ek aanvaar was dat daar nie 'n bedoeling was om 'n skulderkenning te onderteken nie.

[52] Die oorblywende kwessie is dié van die R11 687,00 wat die verweerder in die verweerskrif erken geleen is. Die verweerder sê in die verweerskrif hy is bereid om dit aan eiser te betaal. Geen tender word egter gedoen nie. Mnr. Human sê as die eiser tot daardie mate slaag sou hy slegs op landdroshofkoste geregtig wees. Die pleit is in Augustus 2002 onderteken. Die eiser kon toe met verweerder se prokureurs ooreengekom het dat daardie bedrag en koste tot op datum aan hom betaal word. Hy het egter voortgegaan met hierdie litigasie.

[57] Die volgende bevel word dus gemaak:

57.1 Verweerder word gelas om eiser R11 687.00 te betaal tesame met koste tot op datum van liassering van verweerder se aanvanklike verweerskif.

57.2 Die balans van eiser se eis word met koste van die hand gewys.

A. KRUGER, R

Namens die eiser:

Adv. A. Williams
In opdrag van:
Israel & Sackstein
BLOEMFONTEIN

Namens die Verweerder:

Adv. C.A. Human
In opdrag van:
Kramer Weihmann & Joubert Ing
BLOEMFONTEIN

/em